# GEORGIË

# WEGGESTEEKTE *juweel*

Dit is groen, goedkoop en die inwoners is lief vir wyn. Wat kan nou beter wees? **Christine van Deemter** het gaan kyk hoe lyk dit in dié eertydse Sowjet-republiek op die drumpel van Europa

’n Donker stegie doem voor my op. Dis vyfuur in die oggend, ek is in ’n voormalige Oosblok-land, en ’n wildvreemde man het my tas. Hy wink na my om hom die verdoemenis in te volg. Hier blaas ek my laaste asem uit, dink ek.

Teen al my instinkte in, volg ek hom wel. Hy is my bestuurder en die arme drommel het my ’n halfuur vroeër op die lughawe in Tbilisi opgepik. Die stegie loop uit op ’n bekoorlik vervalle binnehof met ’n gehawende rooi trokkie, ’n enorme eikeboom en ’n halfdosyn halfmas-besems langs agterdeure. Die son begin flou deur die blare spikkel terwyl ons die lendelam trappe na my Airbnb-woonstel klim. David sluit oop en verduidelik in gebroke Engels hoe alles werk. Toe trek hy die deur toe, en ek sit alleen en kyk hoe die son opkom.

Die hoofstad van Georgië was dalk nie heel bo aan my emmerskoplys nie, maar ek het nie ’n Schengenvisum nodig nie, wat sake vergemaklik. Vriendin Mathabo se vlug op LOT, die Poolse lugdiens, het in ’n nagmerrie ontaard en sy arriveer dus eers vanmiddag. “Net my LOT in die lewe,” SMS sy.

Ek bly in Doebai, sy in Genève en Tbilisi is reg in die middel, dus die ideale plek vir ’n vinnige vakansie saam. Die landjie deel grense met Rusland in die noorde en Turkye in die suide (wat nie so goed vir Georgië uitgewerk het oor die eeue nie). Suidoos lê Armenië en Azerbeidjan, die een armer as die ander. Wes is die Swartsee. En in die middel sit ek en wag vir my reismaat . . .

***


**1** **Die swaelbaddens in die Ou Stad. 2 Christine en Mathabo by die Zhinvali-dam, gebou deur die Russe, wat die vallei oorstroom het. Daar is drie kerke onder die water. Die meeste van die land se energie is van hidrokrag afkomstig. 3 Die huise in die Ou Stad het baie klip-, mosaïek- en houtsnee-detail. 4 Die Vryheidsmonument in die middel van die stad. 5 Die Georgiërs maak wyn in kleivate in die grond. Hulle sê die vat is die moeder, die druiwe is die pa, en die wynbaba vat nege maande. 6 Boekverkopers langs die strate van Tbilisi. 7 Nonne woon en werk steeds in die Bodbe-klooster buite Sighnagi, wat in die 9de eeu gebou is. 8 Die Rusland-Georgië-vriendskapsmonument, gebou in 1983. 9 Middagete by Rooms in Kazbegi: aartappel met pruimsous, slaai, *borscht* en forel in okkerneutsous. 11 Die berge en valleie op pad Kazbegi toe.**




























'n Matwinkel in Tbilisi met pragtige handgemaakte matte van wol, sy en katoen.



**BO** Die Ananuri-kasteelkompleks, so 70 km buite Tbilisi.

**DIÉ FOTO** Die Dawid Gareja-klooster, waar kerkies en kwartiere in die berg uitgekerf is.



Die uitsig vanaf die "Moeder van Georgië"-standbeeld oor Tbilisi.

"Daar's 'n siek duif op die lysie hier oorkant," sê Mathabo, halflyf by die kombuisvenster uit. My moed sak in my skoene. Ek gaan waarskynlik die blerrie duif moet red. "Kyk, sy sit net daar, sonder 'n nes. Ek beloer haar al van vroeg af." Ek loer ook maar. Die duif is spekvet en blinkoog. Nes ek. Op vandag se reisprogam is 'n staptoer deur die heuwelryke Ou Stad saam met 'n toergids, ene Maria. Ek dink nie Maria besef wat haar voorland is nie. Ek het haar sommer vir drie toere bespreek deur Likealocalguide.com, 'n webwerf met plaaslike gidse in stede reg oor die wêreld. Ons ontmoet by die Vryheidsmonument en begin stap.

Maria is klein en fyn, gebore in die Oekraïne, getoë in Berlyn. Sy neem ons verby die Gabriadze-poppeteater, waar marionette gebruik word om polities sensitiewe stories op te voer. Ons stap met 'n glasbrug oor die Mtkvari-rivier en vat 'n kabelkarretjie na die Narikala-fort, met 'n uitsig oor die stad en die botaniese tuin. Die 22 m hoë "Moeder van Georgië"-aluminiumstandbeeld troon uit oor die stad, in haar linkerhand 'n beker wyn vir vriende en in haar regterhand 'n swaard vir vyande.

In die Ou Stad wandel ons verby swaelbaddens en 'n waterval, in die straatjies houthuise met diep balkonne, kafeetjies en toeriste met kameras so groot soos kanonne. Dis 'n gewilde stad – sentraal geleë, mooi, matige weer. Dis Europa-*lite*. Hulle mik-mik vir die sjarme van Praag. Die hoofstraat, Rustavelilaan, eggo Haussmann ('n bekende stadsbeplanner in die tyd van Napoleon) se Parys met al sy boekverkopers op straat.

Maar elke paar meter staan 'n krom bejaarde en bedel; verwese en vergete. Dit ruk jou vinnig terug na die werklikheid van 'n ou Sowjet-land. Een uit vyf Georgiërs leef onder die broodlyn en die land kry steeds swaar ná eeue van konflik. Invalle deur die Russe, Turke, Romeine en Arabiere het die land gevorm, en die jare ná die val van die USSR was moeilik. Dus verwelkom hulle ons beursies.

Maria vertel die mense is baie gelowig. Ikone is belangrik in die Georgies-Ortodokse geloof en kerke is gevul met afbeeldings van heiliges. Die simboliek is interessant: 'n regterhand met die ringvinger en duim wat raak, verteenwoordig 'n seën. Iemand wat 'n kruis vashou, was 'n martelaar. 'n Boekrol of Bybel wys die persoon het die Woord verkondig. Veral Sint Joris (St. George), die beskermheilige van die land, is oral te sien. Daar word gesê daar is 365 kerke na hom genoem, een vir elke dag van die jaar. Die land self is wel nié na hom genoem nie – in Georgies is dit *Sakartvelo*. Een teorie is dat Westerse pelgrims die Persiese woord vir die inwoners, *gurğ*, verbuig het na Georgië as gevolg van die heilige se gewildheid.

Terug by die huis eet ons brood en kaas en kyk vir ons duif. Ons wonder of ons twee uur op 'n bus wil wegfoeter om die Stalinmuseum te sien. Dié diktator is hier gebore en word steeds hoog geag (*celebs* is blykbaar yl gesaai . . .), maar nee wat, ons besluit ons het nie ooghare vir hierdie plan nie. Ons duif skud haar vere in akkoord en twee eiertjies rol onder haar uit. Hier sit ons met die wêreld se swakste duifma, voel 'n veer vir wat om haar aangaan. Nes die mensdom, dink ek.

***

Die volgende dag skiet ons Kazbegi toe, so 'n paar uur buite Tbilisi, saam met Maria en Tamuna, ons bestuurder. Tamuna praat geen Engels nie. Sy's stewig op haar voete en die petrolpedaal. Sout van die aarde, haar seun pas getroud. Toe ek hoor sy's so oud soos ek – laat dertigs – stik ek byna. Die Oosblok was duidelik nie vir sissies nie.

Kazbegi is 'n winterspeelplek in die berge (die hoogste reeks in Europa) waar Georgiërs – en al hoe meer toeriste – graag ski. Die bergpasse is groen en lower. Ons stop by die Rusland-Georgië-vriendskapsmonument, 'n enorme, bisarre halfsirkel van klip en sement wat oor die Kaukasusberge uitkyk. Teëlprente beeld die twee lande se wispelturige verhouding in 'n naïewe-propaganda-styl uit. Dis immers in 1983 deur die Russe gebou om die stomme Georgiërs te herinner wie is baas en wie is klaas.

Middagete is by Kazbegi se Rooms Hotel. Dié industrieel-moderne hotel het 'n heerlike terras, jy sien tot sneeu in die verte. Sprokiesmooi. Ons eet aartappels met pruimsous, tamatieslaai, *borscht* (beetsop) en forel in okkerneutsous. Die kos is tipies Oos-Europees: vars *chatsjapoeri* – brood gevul met kaas of eier; terwyl geurige bestanddele soos uie, knoffel en okkerneute die basis van die meeste geregte vorm. *Chinkali* is veral 'n spesialiteit. Jy hou die kluitjie aan sy deegstammetjie vas en slurp die vleis-en-sopbinnegoed uit, voor jy die res verorber. Hier gaan jy nie maer word nie. Gelukkig is ons eintlike ekspedisie van die dag 'n "rustige" stappie na 'n waterval. Wat voel soos ure later, hyg ek steeds die berg op. Maria gesels een stryk deur. Sy vertel van die Georgiese taal met sy 33-letter-alfabet en klanke wat niemand anders in die wêreld gebruik nie. Uiteindelik bereik ons die waterval en ek syg neer. Dis wonderskoon. Die lug is helder en vars, rou natuur om ons. As Mathabo en Maria net sal ophou klets . . .

'n Paar dae later val ons weer in die pad, dié keer Kacheti toe. Die pad soontoe lyk of dit deur die Hoëveld loop. In die middel van dié nêrens, byna op die grens met Azerbeidjan, is die 6de-eeuse Dawid Gareja-klooster. Leefkwartiere en kerkies is in die berg ingekerf om veiligheid vir Ortodokse Christene te bied, maar steeds is hulle deur die eeue aangeval. 'n Vyeboom staan op die plek waar duisende beendere gegooi is. Mathabo eet plegtig 'n vy en ek steek 'n kersie aan.

Dan skiet ons Signagi toe, 'n pragtige dorpie met rooi teëldakke, geplaveide straatjies en 'n wynmaakkultuur. "Die arm man se Toskane," laat Mathabo val. Hier kan jy lekker vashaak – ons ontmoet skoon 'n groepie Afrikaners aan die tafel langs ons. Ons vind uit hoe die Georgiërs wyn maak – in kleivate in die grond begrawe – en koop matte by ou tannies sonder tande of Engels, wat ons dwing om hul hondslegte tuisgemaakte wyn te proe. Ons sluk maar, gelukkig klaar effe aangeklam ná die middag se wynproe-eskapades. Die rit terug Tbilisi toe gaan jolig wees. Arme Tamuna.

***

Georgië is 'n interessante land, genestel met een voet in die verlede en een in die hede; desperaat om van onder die Sowjetjuk te ontsnap en tog trots op hul erfenis. As jy nie krag het vir die hordes stomende toeriste in 'n Europese somer nie, maar tog 'n unieke vakansie met gul gasvryheid wil ervaar, gaan geniet Georgië. ▪

## HOE KOM JY DAAR?

**Jy kan vanaf die meeste groot reis-*hubs*, soos Frankfurt, Amsterdam of Doebai, met 'n laekostevlug Tbilisi toe vlieg. Suid-Afrikaners hoef nie vooraf 'n visum te kry nie. Uber en taxi's is oral, of jy kan 'n motor huur as jy jou senuwees wil toets.**

## WAAR OM TE EET EN TE BLY

**Airbnb-plekke is volop (ons woonstel was R6 000 vir agt aande en 'n mandjie vars kruideniersware by die supermark was so R300), of kyk na Rooms Hotels (Roomshotels.com) in Tbilisi en Kazbegi, moderne weergawes van ou geboue. Deel van die Rooms-groep is ook die Stamba Hotel, in sy vorige lewe 'n drukkery. Fabrika was 'n Sowjet-naaldwerkfabriek en herinner aan 44 Stanley in Johannesburg en The Old Biscuit Mill in Kaapstad, met talle winkels, eetplekke en 'n hostel (Fabrikatbilisi.com). Geniet Georgiese *fusion* by The Kitchen (so 33 lari of R170 vir 'n lekker steak), sit onder 'n eikeblaardak by Café Littera (so R90 vir artisjokslaai), en teug aan jenewer met skop saam met die stad se *hipsters* by Lolita.**

Foto's verskaf